


You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

## NOVEMBER 2015

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye,**
**'n HTML-merkersblad en 'n aparte inligtingsblad.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaar maak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies geassosieer met die eksamen gefinaliseer is nie. Gedurende die eksamen sal die normale reëls rakende die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. Tik jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') van ELKE dokument wat jy skep of stoor, waar toepaslik.

3. Die toesighouer sal 'n CD/DVD/geheuestokkie ('flash disk') met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee, OF jy sal ingelig word waar die lêers op die netwerk of rekenaar gevind kan word. Indien 'n CD/DVD aan jou uitgereik is, moet jy jou sentrumnommer en eksamennommer op die CD/DVD skryf. Indien jy op die netwerk werk, moet jy die instruksies wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word, volg.

4. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

5. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae.

6. Beantwoord AL die vrae.

7. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.

9. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheuestokkie wat deur die toesighouer aan jou gegee is, inlewer, met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE en MOENIE duplikaat-antwoordlêers/-lêergidse inlewer NIE.

10. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel voorsien word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE VOLTOOI WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

11. Gedurende die eksamen mag jy die hulpfunksies van die programme wat jy gebruik, raadpleeg. Jy mag GEEN ander hulpbronmateriaal gebruik NIE.

12. Tensy anders aangedui, gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in sigbladvrae. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

13. **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as veranderinge aan die bestaande data gemaak word.

14. Indien data afgelei is uit 'n vorige vraag wat jy nie kon beantwoord nie, moet jy steeds voortgaan met die vrae wat volg.

15. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui.

16. Gebruik sentimeter as maateenheid wanneer jy hierdie vraestel beantwoord.

17. **Alternatiewe instruksies vir kandidate wat LibreOffice gebruik, word gegee in gevalle waar dit verskil van die instruksies vir kandidate wat Microsoft Office gebruik.**

18. Gewoonlik word een punt per aksie toegeken; dus sal 'n 2 punt-vraag gewoonlik TWEE aksies vereis, ensovoorts.

19. Die eksamenlêergids/CD/DVD/geheuestokkie wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

| | |
|---|---|
| • 1Earth_Aarde | Prentlêer |
| • 1Prev_Voor | Woordverwerkingslêer |
| • 2Diagnos | Woordverwerkingslêer |
| • 3Online_Aanlyn | Sigbladlêer |
| • 4Surv_Opn | Sigbladlêer |
| • 5Diabetes | Prentlêer |
| • 5Info | Databasislêer |
| • 6Ado | Prentlêer |
| • 6Button1 | Prentlêer |
| • 6Button2 | Prentlêer |
| • 6Button3 | Prentlêer |
| • 6Type1_Tipe1 | HTML-lêer |
| • 7Answ_Antw | Woordverwerkingslêer |
| • 7Burden_Las | Woordverwerkingslêer |
| • 7Conv_Veran | Databasislêer |
| • 7Data | Sigbladlêer |
| • 7Res_Nav | Sigbladlêer |

**SCENARIO**

Jou skool kies elke kwartaal 'n tema om verskillende sosiale kwessies uit te lig.

Hierdie kwartaal se tema is diabetes. Diabetes is een van die siektes wat die vinnigste toeneem en mense uit al die bevolkingsgroepe in ons land aantas.

**VRAAG 1: WOORDVERWERKING**

'n Artikel oor diabetes in Suid-Afrika sal in die skoolkoerant gepubliseer word.

Maak die **1Prev_Voor**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') in.

1.1 Formateer die opskrif 'Prevalence of Diabetes in South Africa' soos volg:

1.1.1 Stel die karakterspasiëringskaal ('character spacing scale') op 120%. (1)

1.1.2 Voeg 'n teksraam ('text border') om die teks, soos hieronder aangetoon.

Prevalence of Diabetes in South Africa (2)

1.2 Vind die paragraaf na die opskrif wat met 'The diabetes tsunami …' begin en met '… in South Africa' eindig en doen die volgende:

1.2.1 Verander die spasiëring ná die paragraaf na 3 pt EN die reëlspasiëring na dubbel ('double'). (2)

1.2.2 Keep die paragraaf in en formateer dit soos hieronder aangetoon.




**LET WEL:** Die inkeping EN justering is verander. (3)

1.3 Vind die kolpuntlys op die eerste bladsy.

Skep 'n hiperskakel ('hyperlink') op die eerste kolpunt, 'Introduction', na die subopskrif 'Introduction' wat onder die kolpuntlys verskyn. (2)

1.4 Vind die vorm ('shape') onder die kolpuntlys op die eerste bladsy van die dokument.

Gebruik die vuleienskap om die vorm met die prent **1Earth_Aarde**, wat in jou eksamenlêergids gevind word, te vul. (2)

1.5 Vind die 'Table 1: Diabetes Prevalence in South Africa'-tabel aan die einde van die eerste bladsy en verander dit om soos die voorbeeld hieronder te lyk.

| **Race Group** | **Prevalence** | |
|---|---|---|
| | **Minimum %** | **Maximum %** |
| White | 4 | 4 |
| Asian | 4 | 5 |
| Black | 5 | 8 |
| Coloured | 8 | 10 |
| Other | 11 | 12 |
| Indian | 11 | 13 |
| **Average %** | 0.7 | |

**LET WEL:** Die tabel sal oor TWEE bladsye vloei.

1.5.1 Sorteer die data in die tabel volgens 'Minimum %' (tweede kolom) en dan volgens 'Maximum %' (derde kolom), albei in stygende ('ascending') volgorde (van klein na groot). (4)

1.5.2 Voeg 'n funksie in die laaste sel van die tweede kolom om die gemiddelde minimum % te bepaal. Die antwoord moet tot EEN desimale plek geformateer word. (2)

1.5.3 Gebruik 'n woordverwerkingsfunksie om seker te maak dat albei reëls van die ry-opskrifte herhaal word indien die tabel na die volgende bladsy oorvloei. (2)

1.6 Vind die teks 'Distiller says'.

Voeg 'n voetnoot ('footnote') vir dié teks in wat 'Director of CDE' lees. Die voetnoot moet onder die teks verskyn. (3)

1.7 Vind die prent onder die opskrif 'Diabetes, TB and HIV/Aids'.

Voeg addisionele teks by sodat die prent soos hieronder vertoon.

(2)

1.8 Vind die prent onder die subopskrif 'Education and prevention'. Voeg die teks 'What's your number?' langs die prentjie in, soos hieronder aangedui.

What's your number?

(3)

1.9 Vind die teks 'Insert citation' in die laaste paragraaf. Voeg die volgende elektroniese bronaanhaling ('source citation') in:

Titel: Health24
Jaar: 2014 (2)

1.10 Voeg 'n outomaties gegenereerde bibliografie vir hierdie dokument onder die opskrif 'Bibliography' in. (1)

Stoor en maak die **1Prev_Voor**-dokument toe. **[31]**

## VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Vroeë diagnose van diabetes is belangrik.

Maak die **2Diagnos**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') in.

2.1 Verander die 'Pretest'-styl soos volg en pas dit toe op die teks wat met hierdie styl geformateer is:

- Verander die skakering/vulkleur ('shading/fill colour') na rooi en die fontgrootte na 18 pt.
- Dateer al die teks op wat tans met die 'Pretest'-styl geformateer is. (3)

2.2 Vind die woord 'sweet' onder die subopskrif 'Oral Glucose Tolerance Test (also called the OGTT)'.

Gebruik 'n woordverwerkingseienskap om die woord 'sweet' te vervang met 'n sinoniem wat deur die woordverwerker voorgestel word. (1)

2.3 Berei die dokument soos volg vir hersiening ('reviewing') voor:

- Verander die hersiener ('reviewer') se gebruikersnaam na 123.
- Vind die teks 'Preventing Type 2 Diabetes' en voeg die kommentaar 'Stop' by die teks. (3)

2.4 Vervang alle gevalle van woorde wat met die voorvoegsel ('prefix') 'pre' in kleinletters begin, byvoorbeeld 'prediabetes', met 'pre' in hoofletters, byvoorbeeld 'PREdiabetes'. (3)

2.5 Voeg 'n outomaties gegenereerde figuur-/grafiektabel ('table of figures/ graphics') onder die opskrif 'Table of Figures' in. (1)

2.6 Vind 'Sugar Addiction Quiz' op die laaste bladsy van die document en doen die volgende:

- Formateer die teksvormveldkontrole ('text form field control') langs die woord 'Name' om slegs hoofletters te aanvaar.
- Vind die teks wat met 'I can stop …' begin en met '… piece of candy' eindig. Voeg 'n merkblokkievormveld ('check box form field') regs van die teks in. Stel die verstekwaarde van die merkblokkie op gemerk ('checked').
- Verwyder die 'Stop sweets'-opsie uit die kombinasielyskontrole ('combo box control') langs die teks 'I can'. (4)

2.7 Pas 'n bladsyraam ('page border') van jou keuse slegs op die laaste bladsy toe. (2)

Stoor en maak die **2Diagnos**-dokument toe. **[17]**

## VRAAG 3: SIGBLAD

Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (af kopieer). Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as veranderinge aan die bestaande data gemaak word.

Aanlyn opnames oor diabetes is vir die algemene publiek beskikbaar. Die resultate van hierdie aanlyn opnames is in 'n sigblad gestoor.

Maak die **3Online_Aanlyn**-sigblad oop. Werk in die **Types_Tipes**-werkblad.

3.1 Formateer die selle in **ry 1** soos volg:

3.1.1 Verander die hoogte van **ry 1** na 35 pt. (1)

3.1.2 Voeg 'n rooi raam ('border') om die titel in die saamgevoegde **sel A1**. (2)

3.2 Die getal deelnemers wat aan elke aanlyn opname oor diabetes deelgeneem het, is in **kolom B** gestoor.

3.2.1 Voeg 'n funksie in **sel B4** om die totale getal deelnemers wat aan die aanlyn opnames deelgeneem het, te bepaal. (2)

3.2.2 Voeg 'n funksie in **sel B5** om die getal deelnemers wat die meeste voorkom, te bepaal. (2)

3.2.3 Voeg 'n funksie in **sel B6** om die getal opnames wat geen deelnemers gehad het nie, te bepaal. (2)

3.3 Die tydsduur van 'n opname word bereken deur die begindatum (**kolom C**) en einddatum (**kolom D**) te gebruik en word in voltooide jare vertoon.

Voorbeelde:

| Begindatum | Einddatum | Tydsduur in voltooide jare |
|---|---|---|
| 2013/01/04 | 2019/02/27 | 6 |
| 2014/08/14 | 2015/01/01 | 0 |
| 2010/04/23 | 2015/04/23 | 5 |

'n Verkeerde formule om die duur van die eerste opname in voltooide jare te bereken, is in **sel E9** ingevoer. Verander die formule in **sel E9** om die korrekte antwoord te vertoon. (5)

3.4 Die tye in **kolom F** is in hh:mm-formaat gegee.

Voeg 'n formule in **sel G9** in om die tyd in desimale formaat te vertoon.

Voorbeeld: 00:15 sal as 0.25 vertoon aangesien 15 minute 'n kwartier is. (3)

Werk in die **Chart_Grafiek**-werkblad.

3.5 Die kolomgrafiek is geskep deur die data in die **reeks I9:J16** in die **Types_Tipes**-werkblad te gebruik.

- Verander slegs die 'Total Time'-datareeks om as 'n lyngrafiek met merkers te vertoon.
- Die verklaring ('legend') 'Number of online surveys' moet 'Number of years' wees.
- Verander die horisontale roosterlyne ('gridlines') om te vertoon soos hieronder aangedui.
- Die horisontale as se etikette ('horizontal axis labels') moet vertoon soos in die grafiek hieronder aangedui.




(5)

Stoor en maak die **3Online_Aanlyn**-sigblad toe. **[22]**

## VRAAG 4: SIGBLAD

Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (af kopieer). Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as veranderinge aan die bestaande data gemaak word.

'n Opname is onder mense met diabetes gedoen. Die resultate van die opname is in 'n sigblad gestoor.

Maak die **4Surv_Opn**-sigblad oop en werk in die **Data**-werkblad.

4.1 Die getal glukosevlaktoetse is in **kolom J** gestoor.

Voeg 'n funksie in **sel E3** in om die gemiddelde getal glukosevlaktoetse te bepaal. (2)

4.2 Voeg 'n funksie in **sel E4** in wat die data in **kolom I** gebruik om die getal Tipe 2 ('Type 2')-diabete te bepaal. (4)

4.3 Elke persoon se inkomste is in **kolom K** gestoor.

Voeg 'n funksie in **sel E5** in om die totale inkomste van al die manlike diabete te bepaal. (4)

4.4 **Kolom A** vertoon twee name vir elke diabeet. Die navorser het slegs een naam en die van van die diabeet nodig.

4.4.1 Voeg 'n funksie/formule in **sel C8** in om slegs die eerste naam wat in **kolom A** voorkom, te vertoon.

Voorbeeld: Austin Richards sal as Austin vertoon.

**WENK:** Bepaal eers die posisie van die spasie. Jy mag enige van die leë kolomme, soos kolom M en N, gebruik om enige voorlopige resultate te bereken. (6)

4.4.2 Voeg 'n funksie in **sel D9** om die inligting wat die navorser benodig soos volg te vertoon:

- Die eerste naam
- Gevolg deur 'n spasie
- Gevolg deur die van

Voorbeeld: Austin Allison (3)

4.5 Die geboortedatum is in **kolom E** gestoor.

4.5.1 Gebruik 'n funksie in **sel F11** om die maand uit die geboortedatum in **sel E11** te onttrek. (2)

4.5.2 Gebruik 'n VLOOKUP-funksie in **sel G12** om die maand waarin Paki Levy gebore is, te vertoon.

Gebruik die data in **sel F12** en die data wat in die **Months_Maande**-werkblad voorsien is.

Maak seker dat die funksie korrek sal werk as dit na die res van die selle in die kolom afgekopieer sou word. (4)

4.6 Gebruik voorwaardelike formatering ('conditional formatting') om outomaties die '3 Arrows (Colored)' ikoonstel-formaatstyl ('icon set format style') op al die waardes in **kolom K** toe te pas deur die volgende kategorieë te gebruik:

- >500 000
- 300 001–500 000
- 0–300 000 (6)

Stoor en maak die **4Surv_Opn**-dokument toe. **[31]**

## VRAAG 5: DATABASIS

'n Databasis met resultate van opnames en deelnemers is geskep.

Maak die **5Info**-databasis oop.

5.1 Die resultate van al die opnames is in die **Type_Tipe**-tabel gestoor.

Maak die **Type_Tipe**-tabel oop.

5.1.1 Verander die primêre sleutel na 'n meer toepaslike veld. (1)

5.1.2 Die opnamekodes bestaan uit 'n kombinasie van letters en syfers.

Skep 'n toevoermasker ('input mask') vir die *SurveyCode*-veld om data in die volgende formaat te aanvaar:

- 'n Verpligte hoofletter
- Gevolg deur 'n verpligte letter of 'n verpligte syfer
- Gevolg deur een opsionele syfer

Voorbeelde van opnamekodes: AB1, B23, Z8 of HZ3 (4)

5.1.3 Verander die veldeienskappe van die *EndDate*-veld sodat:

- Dit nie 'n datum na die jaar 2019 aanvaar nie
- Toepaslike valideringsteks ingevoer word (3)

5.1.4 Die *Years*-veld bevat die duur van die opnames in voltooide jare in die reeks 0–10 jaar.

- Verander die datatipe van die *Years*-veld na 'n meer toepaslike datatipe.
- Voeg die getal nul as verstekwaarde in. (2)

5.1.5 Maak seker dat 'n gebruiker 'n waarde in die *Feedback*-veld <u>moet</u> invoer. (1)

5.1.6 Die *Purpose*-veld vertoon die volgende drie waardes in 'n aftreklys ('drop-down list'):

- Medical
- Scientific
- Advertising

Verwyder die 'Scientific'-waarde uit die lys. (1)

Stoor en maak die **Type_Tipe**-tabel toe.

5.2 Maak die **frm5_2**-vorm oop.

Verander die vorm soos volg:

- Verander die agtergrondkleur van die *ParticipantsId*-veld na ligrooi.
- Voeg die prent **5Diabetes**, wat in jou eksamenlêergids gevind word, in die vormboskrif ('form header') in.
- Formateer die *Income*-veld na geldeenheid ('currency').
- Voeg 'n knoppiekontrole ('button control') in die besonderhede ('details')-afdeling ná die *SurveyId*-veld in. Selekteer die toepaslike opsie sodat die volgende rekord vertoon wanneer die knoppie geklik word.
- Voeg die datum en tyd in die vormonderskrif ('form footer') in.

Stoor en maak die **frm5_2**-vorm toe. (8)

5.3 Maak die **qry5_3**-navraag oop.

Verander die navraag om al die vroulike deelnemers te vertoon wat NIE insulientoestelle ('insulin devices') gebruik NIE.

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe. (2)

5.4 Skep 'n navraag met die naam **qry5_4** wat op die **Participant_Deelnemer**-tabel gebaseer is, wat die totale getal toetse per tipe diabetes per opvoedingsvlak sal vertoon, soos in die tabel hieronder aangetoon.

**LET WEL:**

- Die *SumOfNoTests*-veld gebruik die *NoTests*-veld en sal bereken word deur aggregaatfunksies te gebruik.
- Die naam van die veld *SumOfNoTests* mag verskil.

| EducationLevel | Type | SumOfNoTests |
|---|---|---|
| College graduate | Type 1 | 83 |
| College graduate | Type 2 (medication & insulin) | 85 |
| College graduate | Type 2 (medication only) | 37 |
| College graduate | Type 2 (no medication) | 40 |
| High school graduate | Type 1 | 55 |
| High school graduate | Type 2 (medication & insulin) | 54 |
| High school graduate | Type 2 (medication only) | 40 |
| High school graduate | Type 2 (no medication) | 44 |
| Non-high school graduate | Type 1 | 71 |
| Non-high school graduate | Type 2 (medication & insulin) | 32 |
| Non-high school graduate | Type 2 (medication only) | 93 |
| Non-high school graduate | Type 2 (no medication) | 46 |
| Post-graduate | Type 1 | 85 |
| Post-graduate | Type 2 (medication & insulin) | 56 |
| Post-graduate | Type 2 (medication only) | 70 |
| Post-graduate | Type 2 (no medication) | 53 |

(3)

5.5 Maak die **qry5_5**-navraag oop.

Vertoon die name en geboortedatums van al die Indiërdeelnemers.

Stoor en maak die **qry5_5**-navraag toe. (2)

5.6 Maak die **qry5_6**-navraag oop.

- Skep en vertoon 'n berekende veld met die naam *Paid* om te bereken hoeveel elke deelnemer betaal sal word vir die toetse waaraan hulle deelgeneem het. Die bedrag wat hulle vir elke toets sal ontvang, is in die *TestFee*-veld gestoor.
- Vertoon slegs die *Names-, NoTests-* en *Paid-* (sien vorige kolpunt) velde.

Stoor en maak die **qry5_6**-navraag toe. (5)

5.7 Skep 'n verslag met die naam **rpt5_7**, wat op die **Participant_Deelnemer**-tabel gebaseer is.

- Vertoon slegs die *EducationLevel-, Type-, Names-, Race-* en *NoTests*-velde.
- Groepeer die rekords, eers volgens die *EducationLevel*-veld en dan volgens die *Type*-veld.
- Gebruik 'n funksie om die getal mense wat opnames voltooi het, per tipe diabetes te bepaal.

Stoor en maak die **rpt5_7**-verslag toe. (6)

Stoor en maak die **5Info**-databasis toe. **[38]**

## VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)

Jy moet jou skool help om hulle webblad oor Tipe 1-diabetes te voltooi.

Maak die onvolledige **6Type1_Tipe1**-webblad in 'n webblaaier asook in 'n teks-/ HTML-redigeerder oop.

**LET WEL:**

- Vraagnommers is as opmerkings ('comments') in die kodering ingevoeg om aan te dui ongeveer waar die antwoord(e) ingevoeg behoort te word.
- 'n HTML-merkersblad is as verwysing aangeheg.

Jou finale webblad behoort soos die voorbeeld hieronder te lyk.

# Type 1 Diabetes

| | |
|---|---|
| Immune System Attacks | Diabetes is often referred to as a silent killer. |
| Insulin Therapy | |
| Balancing Act | Check your glucose level! |

The more severe form of diabetes is Type 1, or insulin-dependent diabetes. It's sometimes called "juvenile" diabetes because Type 1 diabetes usually develops in children and teenagers, though it can develop at any age.

### Immune System Attacks

With Type 1 diabetes, the body's immune system attacks part of its own pancreas. Scientists are not sure why, but the immune system mistakenly sees the insulin-producing cells in the pancreas as foreign, and destroys them. This attack is known as autoimmune disease. These cells - called "islets" (pronounced EYE-lets) - are the ones that sense glucose in the blood and, in response, produce the necessary amount of insulin to normalise blood sugars. Insulin serves as a "key" to open your cells to allow the glucose to enter - and to allow you to use the glucose for energy.

Without insulin, there is no "key". So, the sugar stays - and builds up - in the blood. The result: the body's cells starve from the lack of glucose. And, if left untreated, the high level of blood sugar can damage eyes, kidneys, nerves, and the heart, and can also lead to coma and death.

### Insulin Therapy

So, a person with Type 1 diabetes treats the disease by taking insulin injections. This outside source of insulin now serves as the "key" - bringing glucose to the body's cells.

The challenge with this treatment is that it's often not possible to know precisely how much insulin to take. The amount is based on many factors, including:

- Food
  - i. Junk food
  - ii. Oily food
- Exercise
- Stress
- Emotions and general health

### Balancing Act

These factors fluctuate greatly throughout every day. So, deciding what dose of insulin to take is a complicated balancing act. If you take too much, then your body burns too much glucose - and your blood sugar can drop to a dangerously low level. This is a condition called hypoglycemia, which, if untreated, can be potentially life-threatening. If you take too little insulin, your body can again be starved of the energy it needs, and your blood sugar can rise to a dangerously high level - a condition called hyperglycemia. This also increases the chance of long-term complications.

**LET WEL:** Gebruik die voorbeeld op die vorige bladsy om jou met hierdie vraag te help.

6.1 Voeg HTML-kode in om die teks 'Juvenile Diabetes' in die webblaaier-oortjie ('browser tab') te vertoon. (1)

6.2 Verander slegs die opskrif 'Type 1 Diabetes' soos volg:

- Verander die fontkleur na pers ('purple').
- Verander die fontgrootte na 24.

**LET WEL:** Maak seker dat slegs die opskrif verander word. (3)

6.3 Redigeer die tabel soos volg:

- Voeg 'n addisionele kolom by en skep 'n sel wat oor die eerste twee rye strek, soos in die voorbeeld op die vorige bladsy aangetoon.
- Die selbreedte ('cell width') van die selle in die tweede kolom is 150.
- Plaas die teks 'Diabetes is often referred to as a silent killer.' in die toepaslike sel.
- Plaas die teks 'Check your glucose level!' in die toepaslike sel. (5)

6.4 Voeg die prent **6Ado.jpg**, wat in jou eksamenlêergids gestoor is, soos volg in:

6.4.1 Vertoon die prent regs van die tweede paragraaf, soos in die voorbeeld op die vorige bladsy aangetoon. (3)

6.4.2 Stel die hoogte van die prent op 100 en die inlynstelling op regs. (2)

6.4.3 Vertoon die teks 'Type 1' indien die prent nie vertoon nie. (1)

6.5 Vertoon die twee reëls met teks onder die kolpunt 'Food' as subkolpunte, soos in die voorbeeld op die vorige bladsy aangetoon.

**LET WEL:** Die subkolpunte is 'i.' en 'ii.' genommer. (3)

6.6 'n Skakel is op die derde knoppie, 'Balancing Act', in die derde ry van die tabel geskep.

Skep die anker ('anchor') (teikenarea) vir die skakel op die teks 'Balancing Act', naby aan die einde van die bladsy, sodat die skakel na die anker toe beweeg wanneer dit geklik word. (3)

Stoor en maak die **6Type1_Tipe1-**dokument toe. **[21]**

## VRAAG 7: ALGEMEEN

Diabetes kan saam met ander verwante siektes voorkom.

7.1 Maak die **7Res_Nav**-sigblad oop en werk in die **Find_Bevind**-werkblad.

Navorsing sal gepubliseer word slegs as die navorsingsleutel (**kolom E**) 'CSS' is en die getal deelnemers (**kolom C**) meer as 500 is.

Voeg 'n funksie in **sel G2** in om te bepaal of die navorsing gepubliseer sal word of nie.

Vertoon die teks 'Publish' as die navorsing gepubliseer gaan word, anders moet die sel leeg bly. (4)

7.2 Maak die **7Conv_Veran**-databasis oop en voer die data van die **Find_Bevind**-werkblad van die **7Res_Nav**-sigblad as 'n gekoppelde tabel ('linked table') na die databasis in.

Gebruik dieselfde naam as die sigbladwerkblad vir die tabel. (2)

Stoor en maak die **7Res_Nav**-sigblad en **7Conv_Veran**-databasis toe.

Maak die **7Burden_Las**-woordverwerkingsdokument oop.

7.3 Vind die teks 'Refer to Table 1: Rate of Diabetes in South Africa and related Diseases on page' op die eerste bladsy.

Voeg 'n kruisverwysing ('cross reference') aan die einde van hierdie teks na die tabel op die laaste bladsy van die dokument in. Voeg slegs die bladsynommer as 'n kruisverwysing in. (3)

7.4 Voeg die teks 'Annexure' in die bladsyboskrif ('header') van slegs die laaste bladsy in. (2)

Stoor en maak die **7Burden_Las**-dokument toe.

7.5 Besonderhede van lede van die 'Diabetes South Africa'-ondersteuningsgroep ('support group') verskyn in die **7Data**-sigblad.

Maak die **7Answ_Antw**-woordverwerkingsdokument oop en voeg jou eksamennommer in die dokument in.

Hierdie vraag vereis dat jy die antwoord gee en kortliks die spesifieke metode/formule/funksie verduidelik wat jy gebruik het om die antwoord te verkry.

**VOORBEELD:**

| VRAAG | KORT VERDUIDELIKING | ANTWOORD |
|---|---|---|
| Hoeveel seuns is in die graad 12A-klas? | Filtreer om die seuns van 12A te onttrek en gebruik dan die 'Count'-funksie. | 24 |

Gebruik die **7Data**-sigblad om die vrae hieronder te beantwoord.

7.5.1 Hoeveel lede verskyn in die sigblad?

**LET WEL:** Geen verduideliking word vereis nie. (1)

7.5.2 Hoeveel lede woon in Bloemfontein? (2)

7.5.3 Hoeveel lede is ouer as die gemiddelde ouderdom van al die lede? (2)

7.5.4 Wat is die gemiddelde middelmate ('waist size') van al die mans? (2)

7.5.5 Wie het 'n groter kans op hartaanvalle, mans of vroue? (2)

Stoor en maak die **7Answ_Antw**-dokument toe. **[20]**

**TOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou

# HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

| Basiese Merkers ('Basic Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<body></body>` | Definieer die liggaam van die webblad |
| `<body bgcolor="pink">` | Stel die agtergrondkleur van die webblad |
| `<body text="black">` | Stel die kleur van die liggaamteks |
| `<head></head>` | Bevat inligting oor die webblad |
| `<html></html>` | Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad |
| `<title></title>` | Definieer 'n titel vir die webblad |
| `<br/>` | Voeg 'n reëlbreuk in |
| `<!-- -->` | Kommentaar |
| **Teksmerkers ('Text Tags')** | |
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<h1></h1>` | Skep die grootste opskrif |
| `<h6></h6>` | Skep die kleinste opskrif |
| `<b></b>` | Skep teks in vetdruk |
| `<i></i>` | Skep teks in skuinsdruk |
| `<font size="3"></font>` | Stel fontgrootte van "1" tot "7" |
| `<font color="green">` `</font>` | Stel fontkleur |
| `<font face="Times New Roman"></font>` | Stel fonttipe |
| **Skakelmerkers ('Links Tags')** | |
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<a href="URL"></a>` | Skep 'n hiperskakel |
| `<a href="URL"><img src="name"></a>` | Skep 'n prentskakel |
| `<a name="NAME"></a>` | Skep 'n teikenarea in die dokument |
| `<a href="#NAME"></a>` | Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is |
| **Formateringsmerkers ('Formatting Tags')** | |
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<p></p>` | Skep 'n nuwe paragraaf |
| `<p align="left">` | Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees |
| `<br/>` | Voeg 'n reëlbreuk ('line break') in |
| `<ol></ol>` | Skep 'n genommerde lys |
| `<ol type="A","a", "I","i","1"></ol>` | Definieer die tipe nommers wat gebruik word |
| `<ul></ul>` | Skep 'n kolpuntlys |
| `<ul type="disc", "square","circle">` `</ul>` | Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word |

| Formateringsmerkers vervolg | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<li></li>` | Voor elke lysitem ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is |
| `<img src="name">` | Voeg 'n prent in |
| `<img src="name" align="left">` | Stel 'n prent inlyn: kan "left", "right", "center", "bottom", "top", "middle" wees |
| `<img src="name" border="1">` | Stel die grootte van die raam rondom 'n prent |
| `<img src="name" width="200" height ="200">` | Stel die hoogte en breedte van 'n prent |
| `<img src="name" alt="alternative text">` | Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie |
| `<hr/>` | Voeg 'n horisontale lyn in |
| `<hr size="3"/>` | Stel die grootte (hoogte) van 'n reël |
| `<hr width="80%"/>` | Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde |
| `<hr color="ff0000"/>` | Stel die kleur van die lyn |
| **Tabelmerkers ('Table Tags')** | |
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| `<table></table>` | Skep 'n tabel |
| `<tr></tr>` | Skep 'n ry in 'n tabel |
| `<td></td>` | Skep 'n sel in 'n tabel |
| `<th></th>` | Skep 'n tabelopskrif ('n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks) |
| `<table width="50">` | Stel die breedte van die tabel |
| `<table border="1">` | Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel |
| `<table cellspacing="1">` | Stel die spasie tussen die selle van die tabel |
| `<table cellpadding="1">` | Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan |
| `<tr align="left">` | Stel die inlynstelling vir die sel(le) ("left", kan ook "center" of "right" wees) |
| `<tr valign="top">` | Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) ("top", kan ook "middle" of "bottom" wees) |
| `<td colspan="2">` | Stel die getal kolomme waaroor 'n sel moet strek |
| `<td rowspan="4">` | Stel die getal rye waaroor 'n sel moet strek |

Kopiereg voorbehou

| |
|---|
| |
| **180** |

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – NOVEMBER 2015**

**INLIGTINGSBLAD** *(moet NA die 3-uur-sessie deur die kandidaat voltooi word)*

SENTRUMNOMMER _____

EKSAMENNOMMER _____

WERKSTASIENOMMER _____

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| SUITE GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | LibreOffice 4.4 of hoër | Microsoft Office 2007 | Microsoft Office 2010 | Microsoft Office 2013 |
| WEBBLAAIER GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | Mozilla Firefox | Google Chrome | Internet Explorer | Ander (Spesifiseer) |

LÊERGIDSNAAM _____

*Kandidaat moet die lêernaam(-name) wat vir elke antwoord gebruik is, inskryf. Maak 'n regmerkie indien dit gestoor en/of gedoen is.*

| **Vraag-nommer** | **Lêernaam** | **Gestoor (✓)** | **Gedoen (✓)** | **Maksimum Punt** | **Punt Behaal** | **Nasiener Voorletter/ -kode** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | **31** | | |
| 2 | | | | **17** | | |
| 3 | | | | **22** | | |
| 4 | | | | **31** | | |
| 5 | | | | **38** | | |
| | | | | | | |
| 6 | | | | **21** | | |
| 7 | | | | **20** | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| **TOTAAL** | | | | **180** | | |

Kommentaar *(slegs vir kantoor/nasiener se gebruik)*

_____

_____

Kopiereg voorbehou